

# GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPPOORT

www.gkwonderboompoort.org  
kantoor@gkwonderboompoort.org

Kerkkantoor – 012 565 6220  
SMS/Whatsapp– 083 607 6504  
Faksnommer – 086 509 3824

KONTAK Jaargang 22; Sondag 5 Julie 2020



## OGGENDDIENS (09:00)

### Lees:

Markus 15:21-41

### Sing:

Ps. 31:1,3,4

Ps. 130:1,2,4

Ps. 22:1,3

Ps. 22:7

Ps. 22:12

### Liturg:

Ds Pieter le Roux

### Tema: Die kruisiging

Aangesien Jesus te swak was om sy eie kruis te dra, het hulle vir Simon, 'n man van die stad Cirene, gedwing om sy kruis te dra. Nadat hulle Hom om 09h00 gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp. Soos voorspel is, het is Jesus ook aan die kruis gespot en beledig. Teen 12h00 het daar 'n duisternis oor die aarde gekom. En 15h00 roep Hy uit: My God, my God, waarom het U My verlaat?)

## AANDDIENS(18:00)

### Lees:

Fil. 4:1-13

### Teks:

Eksodus 20:17

### Belydenis:

HK Sondag 44

### Sing:

Ps. 84:1,5,6

Ps. 81:1,13

Ps. 73:1,11,12

Ps. 27:1,2

### Liturg:

Ds. Pieter le Roux

### Tema: Die Tiende gebod: Kweek heilsame begeertes

Mens dink maklik die tiende gebod sê: Jy mag nie begeer nie. Dit is egter nie heeltemal waar nie. Die gebod lui:

Jy mag nie jou naaste se huis (vrou, dienskneg, diensmaagd, os, esel of iets wat van jou naaste is) begeer nie.

Die gebod leer ons dus nie dat ons glad nie mag begeer nie, maar wel dat ons nie ongeoorloofde begeertes mag hê nie.

Daar is goeie en heilsame begeertes. Ons begeerte moet ten diepste na die HERE Self en Sy woning wees. Wanneer my hart gevul is met die regte begeertes, dryf dit die verkeerde begeertes na buite.

Die tiende gebod leer ook baie duidelik dat die oortreding van die wet van die HERE nie alleen dae insluit nie, maar reeds ons gedagtes (begeertes).

## OFFERGAWES ONDER DIE DIENS

- **EFT betalings** – Die diakonie versoek u om asseblief sover dit in u vermoë is u bydraes vir die barmhartigheidsdiens in die gegewe FNB rekening in te betaal. U hoef slegs die verwysing: **BARMHARTIGHEID** te gebruik. **FNB Takkode: 251045 Diakonie Wonderboompoort 625 8354 5862**
- **Kontantbydraes** – Onthou die diakonie se barmhartigheidswerk kan nie sonder u bydraes funksioneer nie, maar indien bogenoemde reëling heeltemal onmoontlik is, kan u ook u diakoniekoeverte vir die tydperk wanneer die samekomste hervat, stort.

## GEMEENSAP VAN GELOWIGES

### Verjaarsdae

6 Jul Br. Jan Rijn Zeevaart  
7 Jul Jonge Br. Hanno Bennemeer  
7 Jul Jonge Sr. Jessica Kotzé  
10 Jul Sr. Natasja Visagie  
11 Jul Sr. Anita Jordaan  
11 Jul Br. Klaas Breedt  
11 Jul Sr. Eugene de Beer  
11 Jul Sr. Ria van der Merwe

## Lief en leed

- Ons maak met leedwese die heengaan van die jongste broer van br. Koos Klok Vrydagoggend bekend. Mag die Heilige Gees julle vertrous en julle die besondere erbarming van die HERE van die leërskaer beleef!
- 'n Neef van sr Rika Ras is ook in die week oorlede. Die troos van ons Here word die familie toegebid.
- Sr. Susan Rossouw is tans in Steve Biko hospitaal vir behandeling. Dit gaan nie goed met haar nie. Kom ons dra haar in ons gebede.
- Br. Peet Vreugdenburg is verlede naweek ontslaan uit die hospitaal. Hy is egter Vrydag weer opgeneem in PTA-Oos hospitaal. Sy niere het verswak. Mag die HERE Hom dra in sy lyding.
- Jonge br. Richard Venter het uit 'n boom geval en sy enkel gekraak. Sterkte met die herstel!

## Die eredienste

Ons het vandag vyf dienste:

- ☰ 09h00 – in die kerkgebou
- ☰ 09h00 – in die kerksaal (die diens word oor 'n TV-skerm vertoon)
- ☰ 11h00 – in die kerkgebou
- ☰ 18h00 – in die kerkgebou
- ☰ 18h00 – in die kerksaal (die diens word oor 'n TV-skerm vertoon)

- Ons versprei telkens elke Vrydag op die Vonkpos-groep die lysie van mense wat by elke diens toegedeel is.
- Die kerkraad wil op hierdie stadium vir elke lidmaat wat kerk toe wil kom, geleentheid gee om 'n oggenddiens en/of 'n aanddiens by te woon. Indien meer lidmate aandui hulle wil kom, dan hou ons meer dienste. Neem dus asb. vrymoedigheid en laat weet jou ouderling as jy wil kerk toe kom.
- Die kerkraad wil nie lidmate weerhou van die eredienste nie. Lidmate moet self besluit in afhanklikheid van die HERE en in gebed voor Hom met inagneming van Sy bevel of hulle na die fisiese dienste wil kom, met inagneming van al die relevante inligting. Neem kennis dat die kerkraad niemand verkwalik wat op hierdie stadium nie na die fisiese samekomste kom nie.
- Daar is steeds op ons gemeente se Youtube-kanaal direkte uitsendings om 09h00 en 18h00 elke Sondag.

**60ste verjaarsdag Gedenkblad.** Die Lektuurkommissie het die plasing van alle dooplidmate in ons gemeente se foto'tjies, op die agterste buiteblad van die 60 jaar-gedenkblad van die gemeente, goedgekeur. In hierdie tyd van inperking is dit moeilik om sulke foto's te neem, en daarom versoek ons alle ouers in die gemeente om asseblief foto's (in jpeg-formaat) van hulle dooplidmate (kop en skouers) met hulle name by, vir kontrole aan hulle ouderling te stuur, wat dit dan aan die Lektuurkommissie beskikbaar sal stel by die e-posadres [jaanskok@gmail.com](mailto:jaanskok@gmail.com).

Die sperdatum vir artikels in die Gedenkblad sluit finaal op 31 Julie en ons versoek dat alle uitstaande bydraes so spoedig moontlik aan ons gestuur word. Is daar iemand wat 'n bydrae (heeltal vrywillig) kan lewer t.o.v. ons gemeente se hantering van sake tydens die huidige inperking? Die gedenkblad sou onvolledig wees hieronder. As u daarvoor kans sien, stel ons asb. in kennis.

**Dagstukkies.** Die dagstukkies wat elke dag op die vonkpos groep geplaas word, is almal beskikbaar by: <http://dagstuk.gkwonderboompoort.org>

**Gemeenskap van gelowiges.** Die ouderlinge en diakens wend 'n groot poging aan om in kontak met die gemeente te bly. Ons wil u as lidmate aanspoor om in die gemeenskap van die gelowiges te volhard deur gereeld van die ander lidmate te bel of 'n boodskap te stuur. Kontak gerus die diakonie as u leiding in die verband verlang.

**Helpmekaar.** Br Pieter Bos is op soek na 'n rekenaarskerm om te gebruik. Kontak hom indien u kan help.

## KOLLEKTES BY DIE DEURE

**Kerkkas** Doel: Om die instandhouding van die erediens te ondersteun.

**Sending** Doel: Om ons gemeente se sending- en evangeliseringsaksies te ondersteun.

**TSP Studentekas** Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansiële hulp te bied sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

**Emeritaatsfonds:** Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

- **Elektroniese bydraes** – Betaal sover moontlik u bydraes vir kollekte apart van u dankoffer in met verwysing DEURKOLLEKTE. Indien u nie anders kan as om dit met een bedrag in te betaal nie, stel asseblief die kerkkantoor in kennis watter deel vir die kollekte gebruik moet word.
- **Kontantbydraes** – U is welkom om die kontant wat u vir die deurkollekte begroot eenkant te hou en dit dan wanneer die erediens op die normale manier voortgaan, af te dra.
- Die deurkollekte wat ontvang word, sal in oorleg met die kerkraad eweredig tussen die verskillende fondse waarvoor dit bestem is, verdeel word.

## DANKOFFERS

ABSA Bank 632005	Kerkkas	Susters	Sending	Koningskinders
	060 3400 64	060 3400 72	060 1883 00	9 276 253 131

- **EFT betalings** – Gebruik u verwysing soos altyd. Oorweeg asseblief om u dankoffer te verhoog, al is dit met 'n klein bedrag. Lidmate wat vir die eerste maal op die wyse bydra moet asseblief die kerkkantoor per e-pos, SMS of Whatsapp kontak om 'n unieke verwysingsnommer te bekom wanneer u elektronies oorplaas.
- **Debietorders** – Persone met bestaande debietorders se bydraes sal steeds maandeliks verhaal word. U kan die kerkkantoor per e-pos, SMS of Whatsapp in kennis stel indien u enige verandering wil maak.
- **Kontantbydraes** – U kan u bydrakoevert vir die tydperk, maandeliks, veilig bewaar en wanneer die samekomste hervat in die dankofferkassie stort.

## PSALMLIG

Psalm 65 word genoem 'n lied van wonderlike digterlike skoonheid.

Dit is die mooiste innigste danklied wat die skepsel van God maar kan sing. Die agtergrond is 'n knellende droogte soos in 2 Sam 21 waar daar staan dat daar jaar na jaar droogte was. Ook Jeremia 14:1-6 beeld die ongenaakbaarheid van 'n droogte uit. Die volk het hierdie knellende droogtes gesien as besoeking van die HERE oor hul oortredinge teenoor hom....anders as ons "slim" mense wat sal sê dat dit maar die weerpatrone is wat dit veroorsaak soos 'n el nino.....

Israel het dan ook 'n vasdag uitgeroep soos Joël 2 beskrywe Joël 2:12-14: "Maar selfs nou noq, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en qeween en rouklaq. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is qenadiq en barmhartiq, lankmoediq en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat—'n spysoffer en 'n drankoffer aan die HERE julle God."

Op hierdie knellende droogte en hongersnood, volq dan die uitkoms wat die HERE in Sy Genade qee... Sy goedertierenheid.....En dan is juis dit in Psalm 65 vers 2 tot 4, die kinders van die HERE se skoonste loflied tot eer van die HERE. Só groot en diep tref hierdie seën hul in die hart as hul daar staan en kyk hoe die eerste reëndruppels neerplof in die stof. Hul qemoed is so oorweldig dat hul werklik net stil is met trane van dankbaarheid wat rol oor harte en wange. Hul oordink die qeloftes aan die HERE qemaak in hul smeking, die moét nou onverwyld betaal word (vers 2) want Hy het hul qebed qehoort! (vers 3) elkeen op wie die seën van God se reëndruppels val moet vereniq in hierdie belewenis! (tot U moet alle vlees kom vers 3). In die reën wat val, beleef die bidder ook dat sy ongeregthede deur die HERE versoen is (vers 4).

As hierdie eerbiediqe stilte van die indrink van God se goeheid dan uiteindelik woorde vind, dan vind dit die woord: WELGELUKSALIG is die een wat U uitkies en laat nader kom. Soos met die eerste reën na 'n knellende droogte, bring qit nuwe hoop, so bring die berou, belydenis en verqifnis van die sondaar, nuwe hoop en verwaqting in sy diens aan die HERE sy God. In die res van Psalm 65 word die HERE dan ook qeër vir Sy almag en versorging van Sy kinders, en in hierdie skone loflied sing ook God se skepping saam.

Psalm 65 vers 9 - Ons sien die kleinvee langs die hange,  
wat juiqend veld toe gaan;  
ons hoor omlaaq die windgesange  
van hooqqehalmde graan;  
omlaag die dale, omhoog die rante,  
ja, alles jubel weer;  
dit sing en roem van alle kante  
die goeheid van die HEER.



## DAGBOEK

<b>Sondag 5 Julie</b>	08:55 – Skakel in op <a href="http://intyds.gkwonderboompoort.org">http://intyds.gkwonderboompoort.org</a> 09:00 – Oggenddiens in die kerkgebou en die kerksaal. Die diens word in die kerksaal op 'n TV skerm vertoon. Katkisasie begin weer volgende Sondag.. 10:20 – Zoom virtuele koffie/preekbespreking. 11:00 – Erediens in die kerkgebou. 17:55 – Skakel in op <a href="http://intyds.gkwonderboompoort.org">http://intyds.gkwonderboompoort.org</a> 18:00 – Aanddiens in die kerkgebou en die kerksaal. Die diens word in die kerksaal op 'n TV skerm vertoon.
<b>Maandag 6 Julie</b>	19:00 – NGB Bybelstudie.